



**PROFESSIONELE
GEDRAGSKODE**

| | | |
|----|--|------|
| 1 | Status van die Kode | 4-2 |
| 2 | Woordomskrywings | 4-2 |
| 3 | Gesamentlike en middelike aanspreeklikheid | 4-4 |
| 4 | Fundamentele beginsels | 4-5 |
| 5 | Integriteit en objektiwiteit | 4-6 |
| 6 | Botsing van belange | 4-6 |
| 7 | Onafhanklikheid | 4-7 |
| 8 | Professionele bevoegdheid | 4-12 |
| 9 | Vertroulikheid | 4-13 |
| 10 | Praktykaangeleenthede | 4-14 |
| 11 | Gelde vir professionele dienste | 4-19 |
| 12 | Publisiteit, reklame en werwing | 4-22 |
| 13 | Insluiting van 'n praktisyn se naam in 'n dokument wat deur 'n kliënt uitgereik word | 4-23 |
| 14 | Werwing | 4-24 |
| 15 | Verantwoordelikhede teenoor kollegas | 4-24 |

VOORWOORD TOT DIE OROR GEDRAGSKODE

Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) het 'n nuwe Professionle Gedragskode (die SAIGR Kode) uitgereik, wat in Januarie 2003 in werking getree het.

In die voorwoord tot sy Kode verklaar die SAIGR dat dit in alle wesenlike opsigte ooreenstem met die "Code of Ethics for Professional Accountants" (die IFAC Kode) wat deur die International Federation of Accountants uitgereik is.

Die OROR het dit oorweeg om dieselfde te doen, want tradisioneel was die Kode van die OROR feitlik dieselfde as dié van die SAIGR. Na ernstige oorweging het die OROR egter besluit dat dit nie gepas is om die Kode op hierdie stadium te hersien nie. Die redes vir hierdie besluit word hieronder bespreek.

Die doel van die IFAC Kode is om as 'n model te dien waarop nasionale etiese riglyne vir lidlande gegrond kan word. Dit aanvaar dat nasionale regulerende standaarde strenger as dié van die IFAC Kode kan wees.

Die afdeling oor onafhanklikheid van die IFAC Kode, en dus ook die SAIGR Kode, vereis dat die praktisyn omstandighede en verwantskappe identifiseer en beoordeel wat bedreigings van onafhanklikheid inhou en toepaslike stappe neem om hierdie bedreigings uit te skakel, of deur die toepassing van veiligheidsmaatreëls dit tot 'n aanvaarbare vlak te verminder. Die Kodes verskaf dan voorts talle voorbeelde van spesifieke situasies waarin hierdie beginsels toegepas kan word. Die Kodes is nie voorskrywend wat die aard of omvang van nigerusstellingsdienste betref wat aan gerusstellingskliënte verskaf kan word nie, terwyl dit huidiglik wêreldwyd 'n onderwerp van intense debat en bespreking is.

Dit is algemene kennis dat die Regering 'n Ministeriële Paneel aangestel het om die struktuur en regulerende raamwerk vir die profesie onder oë te neem en aanbevelings aan die Minister van Finansies daaroor te maak. Ten tye van ter perse gaan, het die paneel hulle verslag aan die Minister oorhandig en die Minister het dit vir publieke kommentaar vrygestel. Die verwysingsraamwerk sluit oorweging in van fundamentele aangeleenthede met betrekking tot onafhanklikheid van die ouditeur.

In al die omstandighede is die OROR van mening dat sy huidige, beginselgegronde Professionle Gedragskode op hierdie tydstip behou moet word. Die Kode is nie in konflik met die SAIGR Kode nie, behalwe in die geval van gebeurlikheidsgelde vir belastingwerk wat hieronder bespreek word.

Die SAIGR Kode sal bruikbare leiding verskaf vir die identifikasie van moontlike bedreigings van onafhanklikheid, naamlik dié van selfbelang, selfoorsig, voorspraak, vertroutheid en intimidasie en moontlike veiligheidsmaatreëls om dit te oorkom. Die OROR sou GRs egter aanraai om omsigtig te werk te gaan voordat gerusstellingsaanstellings behou of aanvaar word in gevalle waar daar fundamentele bedreigings vir onafhanklikheid is wat deur die toepassing van veiligheidsmaatreëls oorkom moet word. Die wese van onafhanklikheid is sowel 'n onafhanklike ingesteldheid as onafhanklike voorkoms en die praktisyn moet seker wees dat dit waarneembaar sowel as verdedigbaar is.

Een gebied waarop die OROR se Professionle Gedragskode strenger as die SAIGR Kode is, het betrekking op gebeurlikheidsgelde vir sekere belastingwerk. Paragraaf 11.15 van die OROR se Kode verbied sekere werk, maar dit wil voorkom of die SAIGR Kode dit, onderworpe aan sekere veiligheidsmaatreëls, toelaat.

1 STATUS VAN DIE KODE

- 1.1 In ooreenstemming met die magte aan die Raad verleen ingevolge artikels 13 en 23 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs*, 1991 (Wet 80 van 1991), het die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad hierdie *Professionele gedragskode* gepubliseer as 'n riglyn vir geregistreerde rekenmeesters en ouditeure. Dit vervang met ingang van 1 Januarie 1997 die vorige *Professionele gedragskode*. Die oogmerk van hierdie Kode is nóg om 'n omvattende lys van alle aspekte rakende die gedrag van geregistreerde rekenmeesters en ouditeure te bevat, nóg beperk dit die omvang van die Wet of die *Dissiplinêre reëls* wat ingevolge die Wet gepubliseer word.
- 1.2 Die gees van hierdie Kode is net so belangrik as die letter en 'n skending van, of versuim om enige van die bepalings van die Kode na te kom, sal ook geag word onbehoorlike gedrag te wees ooreenkomstig die strekking van artikel 23 van die Wet of van reël 2.1 van die Raad se *Dissiplinêre reëls*, en sal as sodanig ingevolge die Wet of die *Dissiplinêre reëls* hanteer word.
- 1.3 Behalwe waar die teendeel aangedui word, is hierdie Kode 'n riglyn vir alle persone wat by die Raad geregistreer is.

2 WOORDOMSKRYWINGS

Vir die doeleindes van hierdie Kode word die betekenis soos hieronder uiteengesit aan die volgende terme toegeken. Hierdie woordomskrywings dien egter slegs as riglyne en is nie bedoel om volledig of omvattend te wees nie.

- 2.1 “Belegger” is 'n moedermaatskappy, algemene vennoot of 'n natuurlike persoon of korporasie wat in staat is om beduidende invloed op die beleggingnemer uit te oefen.
- 2.2 “Beleggingnemer” is 'n filiaalmaatskappy of entiteit wat aan die beduidende invloed van 'n belegger onderworpe is.
- 2.3 “Bestaande rekenmeester” is 'n praktisyn wat op daardie stadium deur die kliënt aangestel is om professionele dienste aan hom/haar te lewer.
- 2.4 “Kliënt” is 'n persoon of 'n onderneming met wie die praktisyn 'n deurlopende professionele verhouding het, of redelikerwys verwag kan word te hê. Vir doeleindes van hierdie Kode sal 'n kliënt vir wie die praktisyn 'n enkele professionele taak uitgevoer en afgehandel het, of wat 'n vorige professionele verhouding beëindig het, nie as 'n kliënt beskou word nie.
- 2.5 “Kliënte se gelde” is enige gelde, insluitende titeldokumente tot geld soos wissels en promesses, en titeldokumente wat in geld omskep kan word soos toonderobligasies, wat deur 'n praktisyn ontvang word en wat dit hou of uitbetaal in opdrag van die persoon van wie of namens wie dit ontvang is.
- 2.6 “Kliëntrekening” is enige bankrekening wat uitsluitlik vir die deponering van kliënte se gelde gebruik word.
- 2.7 “Praktisyn” is 'n rekenmeester en ouditeur wat as sodanig geregistreer is ingevolge die Wet, of hy/sy in die openbare praktyk staan of nie.

- 2.8 “Praktyk” is 'n alleenpraktisyn, 'n vennootskap, of 'n maatskappy waarna in artikel 21(2) van die Wet verwys word.
- 2.9 “Professionele werk, professionele dienste en professionele besigheid” word as werk met betrekking tot die volgende beskou:
- 2.9.1 *Die attesfunksie* (ouditdienste)
- (a) Die ondersoek van finansiële state in ooreenstemming met algemeen aanvaarde ouditstandaarde, met die doel om 'n mening uit te spreek oor die redelikheid daarvan en die mate waarin dit aan toepaslike wetgewing voldoen.
- (b) Die oudit van ander verslae en voorleggings van 'n finansiële aard.
- 2.9.2 *Die finansiële verslagdoeningsfunksie* (rekeningkundige dienste)
- (a) Eksterne finansiële verslae: Die voorbereiding van finansiële state ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en toepaslike wetgewing en die interpretasie van sodanige finansiële state.
- (b) Interne finansiële stelsels en verslae: Die ontwerp en bestuur van interne rekeningkundige stelsels om inligting aan bestuur te verskaf wat hulle in staat sal stel om hul besigheid te beplan, monitor en beheer.
- 2.9.3 *Die raadgevende funksie* (raadgevende en fidusiêre dienste)
- (a) Belastingdienste: Die interpretasie en toepassing van belastingwetgewing en -prosedures en van belastingbeplanning.
- (b) Bestuurskonsultasiedienste: Die lewering van konsultasiedienste aan die bestuur van ondernemings; hierdie dienste sluit in raadgevende dienste in verband met beplanning, beheer, kosteberekening, finansiële bestuur en verslagdoening, dataverwerking en verwante stelsels.
- (c) Ander dienste: Hierdie dienste sluit in ondersoeke, waardasies, sekretariële dienste, trusteskappe, geregtelike bestuur, boedelbeplanning en -administrasie, en likwidasië- en insolvensiewerk.
- 2.10 “Publisiteit” is die oordra van inligting omtrent die praktisyn of sy/haar firma aan die publiek of die vestiging van die publiek se aandag op sy/haar naam of die naam van sy/haar firma.
- 2.11 “Raad” is die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad.
- 2.12 “Referentrekenmeester” is 'n praktisyn na wie die bestaande rekenmeester of kliënt van die bestaande rekenmeester aanstellings vir oudit-, rekeningkundige, belasting-, konsultasie- of soortgelyke aanstellings verwys het, of wat geraadpleeg word ten einde aan die behoeftes van die kliënt te voldoen.
- 2.13 “Reklame” is kommunikasie aan die publiek van inligting oor die dienste of vaardighede van 'n praktisyn met die doel om professionele werk te verkry.
- 2.14 “Verslagdoeningsopdrag” is 'n aanstelling wat vereis dat die praktisyn 'n mening uitspreek.

- 2.15 “Voornemende rekenmeester” is ’n praktisyn wat die kliënt van voornemens is om in die plek van of bykomend tot die bestaande rekenmeester aan te stel.
- 2.16 “Werwing” is die direkte of indirekte nadering van ’n potensiele kliënt met die doel om aan te bied om professionele werk te doen. Poswerwing en persoonlike besoeke is vorme van werwing. Poswerwing sluit in die pos van ’n brosjure aan ’n nie-kliënt wat dit nie aangevra het nie. Persoonlike werwing sluit in direkte of indirekte nadering, hetsy persoonlik of telefonies, van ’n potensiele kliënt.
- 2.17 “Wet” is die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs*, 1991 (Wet 80 van 1991).

3 GESAMENTLIKE EN MIDDELIKE AANSPREEKLIKHEID

- 3.1 ’n Praktisyn kan aanspreeklik gehou word vir ’n skending of nie-nakoming van hierdie Kode namens alle persone wat –
- 3.1.1 sy/haar werknemers is; of
- 3.1.2 onder sy/haar toesig is; of
- 3.1.3 sy/haar vennote is; of
- 3.1.4 mede-aandeelhouders is in, of direkteure of werknemers is van, ’n maatskappy wat deur die praktisyn en sy/haar vennote beheer word en wat professionele dienste aan die publiek bied. (Vir doeleindes van hierdie Kode sal ’n maatskappy geag word deur praktisyns beheer te word indien die praktisyns gesamentlik, direk of indirek, meer as die helfte van die stemreg besit in ooreenstemming met die aandeelhouding van die maatskappy, of direk of indirek en hetsy alleen of saam met iemand anders, geregtig is op die uitoefening van die *de facto*-reg om die wyse te beheer waarop die sake van die maatskappy bedryf word (insluitend, maar sonder beperking, die reg om die meerderheid van die persone aan te stel wat geregtig is om beheer oor die bestuur en sake uit te oefen)); of
- 3.1.5 medepraktisyns of werknemers van ’n beslote korporasie is wat deur die praktisyn of die praktisyn en sy/haar vennote beheer word, en wat aanbied om professionele werk vir lede van die publiek te doen. (Vir doeleindes van hierdie Kode sal ’n beslote korporasie geag word deur die praktisyns beheer te word indien die praktisyns gesamentlik ’n belang in die korporasie hou wat hulle geregtig sou maak op die meerderheidstem op ’n vergadering van die lede van die korporasie, of wat hulle andersins geregtig sou maak op die uitoefening van die *de facto*-reg om die wyse te beheer waarop die sake van die korporasie bedryf word.)
- 3.2 ’n Praktisyn mag nie, onder die dekmantel van of deur middel van ’n vennootskap, maatskappy, beslote korporasie of enige ander entiteit, iets doen of toelaat dat iets gedoen word waartoe hy/sy as individu nie geoorloof sou wees nie.
- 3.3 ’n Praktisyn mag nie toelaat dat ander, hetsy met of sonder vergoeding, dade

namens hom/haar uitvoer wat ’n oortreding van hierdie Kode sou wees indien hy/sy dit self gedoen het nie.

4 FUNDAMENTELE BEGINSELS

Ten einde die doelstellings van die rekenmeestersprofessie te bereik, is daar ’n aantal voorvereistes of grondbeginsels waaraan praktisyns moet voldoen. Die volgende is die grondbeginsels:

4.1 Integriteit

Integriteit is in wese ’n geestesingesteldheid. Nakoming van sekere gedragstandaarde en morele gedrag wat beginselvas toegepas word, sal integriteit verseker. ’n Lid moet openlik en eerlik in die uitvoering van professionele dienste wees.

4.2 Objektiviteit

Objektiwiteit dui op die vermoë om ’n onbevooroordeelde houding te handhaaf. Dit vereis dat die praktisyn regverdig moet wees en nie moet toelaat dat vooroordeel of partydigheid of invloed van ander sy objektiwiteit omverwerp nie.

4.3 Onafhanklikheid

In die uitvoering van ’n verslagleweringsoopdrag moet praktisyns in wese en voorkoms onafhanklik blyk te wees. Onafhanklikheid is ’n noodsaaklike eienskap, gelykstaande aan integriteit en objektiwiteit, vir ’n praktisyn wat ’n verslagdoeningsopdrag onderneem.

Wanneer ’n praktisyn tot ’n mening of besluit kom, is onafhanklikheid die eienskap wat hom in staat stel om onbevooroordeelde oordeel aan die dag te lê en objektiewe oorwegings toe te pas om feite te staaf. Ten einde as onafhanklik erken te word, moet die praktisyn vry wees van enige verpligting teenoor, of belang in die kliënt, en die bestuur en eienaars daarvan.

4.4 Professionele bevoegdheid en behoorlike sorg

Wanneer ’n praktisyn instem om professionele dienste te lewer, impliseer hy/sy dat ’n sekere bevoegdheidspeil nodig is om die professionele dienste uit te voer, en dat sy/haar kennis, vaardigheid en ondervinding met redelike sorg en ywer aangewend sal word. Daarom moet praktisyns hulle weerhou van die uitvoering van enige dienste waarvoor hulle nie bevoeg is nie, tensy advies en bystand verkry word wat sal verseker dat die dienste bevredigend uitgevoer word.

Dit is deurgaans ’n praktisyn se plig om professionele kennis en vaardigheid op die vereiste peil te hou wat sal verseker dat ’n kliënt die voordeel van bevoegde professionele diens geniet, gegrond op die jongste ontwikkelings in die praktyk, wetgewing en tegnieke.

4.5 Vertroulikheid

’n Praktisyn moet respek hê vir die vertroulikheid van inligting wat in die uitvoering

van professionele dienste verkry word en moet nie sonder behoorlike en spesifieke magtiging daartoe sodanige inligting gebruik of openbaar maak nie, tensy daar 'n wetlike of professionele reg of plig tot openbaarmaking is.

4.6 **Professionele gedrag**

'n Praktisyn moet op so 'n wyse optree dat dit strook met die goeie reputasie van die professie en moet hom weerhou van enige optrede wat die professie in 'n slegte lig kan stel. 'n Praktisyn moet beleefd en bedagsaam wees teenoor kliënte, derde partye, ander praktisyns in die rekenmeestersprofessie, personeel, werknemers en die algemene publiek.

'n Praktisyn moet hom nie skuldig maak aan diskriminasie teen enige persoon op grond van ras, kleur, godsdiens, geslag, huwelikstatus, ouderdom of herkoms nie, en met betrekking tot indiensneming, bevordering, afdanking, salaris, oorpasing, opleiding of ander praktyke in verband met werkverskaffing nie.

5 **INTEGRITEIT EN OBJEKTIWITEIT**

- 5.1 Die beginsels van integriteit en objektiwiteit plaas 'n verpligting op alle praktisyns om billik, eerlik en vry van belangekonflikte, vooroordeel en partydigheid te wees. Verhoudings of belange, hetsy direk of indirek, wat 'n praktisyn se vermoë om met integriteit en objektiwiteit op te tree, nadelig kan beïnvloed, aantast of bedreig, moet vermy word.
- 5.2 Praktisyns sal blootgestel word aan situasies waarin druk moontlik op hulle uitgeoefen sal word. Hierdie druk mag hulle integriteit en objektiwiteit aantast. Dit is onprakties om alle situasies te omskryf of voor te skryf waarin druk van hierdie aard kan voorkom, maar praktisyns behoort redelikheid as maatstaf te gebruik in die identifisering van verhoudings wat moontlik die praktisyn se integriteit en objektiwiteit kan aantast, of skyn aan te tas.

6 **BOTSING VAN BELANGE**

- 6.1 'n Praktisyn moet vry wees, en vry blyk te wees van enige invloed, belang of verhouding, hetsy direk of indirek, wat geag kan word onversoenbaar te wees met integriteit, objektiwiteit en onafhanklikheid, ongeag die werklike invloed daarvan.
- 6.2 In gevalle waar 'n praktisyn rede het om te meen dat sy/haar of sy/haar werknemer se betrokkenheid by 'n opdrag moontlik 'n botsing van belange kan veroorsaak, behoort hy/sy hierdie feit onmiddellik openbaar te maak.
- 6.3 In gevalle waar daar duidelik 'n wesenlike botsing van belange bestaan, moet 'n praktisyn die opdrag weier.
- 6.4 Indien 'n konflik bestaan maar dit na die mening van 'n praktisyn moontlik is

- om objektief op te tree, mag die aanstelling aanvaar word, mits –
- 6.4.1 die aard van die konflik ten volle verduidelik word aan alle partye vir wie die praktisyn gaan optree; en
- 6.4.2 die partye skriftelik tot die praktisyn se aanstelling instem.

7 **ONAFHANKLIKHEID**

Die onderstaande paragrawe beskryf sommige van die situasies wat, vanweë die werklike of skynbare gebrek aan onafhanklikheid, aan 'n redelike waarnemer gronde sou gee om die praktisyn se onafhanklikheid in twyfel te trek.

- 7.1 Fidusiêre of finansiële betrokkenheid by, of in die sake van, kliënte.
- 7.2 Indien 'n praktisyn finansiëel betrokke is by 'n kliënt oor wie se sake hy/sy verslag moet doen, kan dit sy/haar objektiwiteit raak en kan dit 'n waarnemer tot die slotsom laat kom dat objektiwiteit aangetas is. Sodanige betrokkenheid kan op verskeie maniere ontstaan, soos deur –
- 7.2.1 'n direkte of indirekte finansiële belang by 'n kliënt;
- 7.2.2 'n fidusiêre belang in 'n kliënt;
- 7.2.3 lenings aan of van die kliënt of enige amptenaar, direkteur of belangrike aandeelhouer van 'n kliëntmaatskappy;
- 7.2.4 'n finansiële belang in 'n gesamentlike onderneming met 'n kliënt of werknemer(s) van 'n kliënt;
- 7.2.5 'n finansiële belang in 'n nie-kliënt wat in 'n beleggers- of belegging-nemerverhouding met die kliënt staan.

Kommentaar

- 7.3 Onafhanklikheid kan aangetas word wanneer 'n praktisyn professionele dienste, waarin onafhanklikheid 'n voorvereiste is, aan 'n maatskappy lewer waarin hy/sy 'n direkte of indirekte finansiële belang het of verbind is om te verkry. 'n Direkte finansiële belang sluit in 'n belang wat deur die gade of afhanklike kind van die praktisyn gehou word.
- 7.4 Wanneer die praktisyn aandele in 'n ouditkliënt namens 'n derde party soos 'n trust hou of daarvoor adviseer, is die beeld van onafhanklikheid in gevaar. Die rede is dat die verantwoordelikhede teenoor die derde party met die verantwoordelikhede teenoor die ouditkliënt mag bots.
- 7.5 Vanweë die vereiste dat 'n praktisyn in enige verslagdoeningsopdrag in wese en in voorkoms blyke van onafhanklikheid moet gee, moet hy/sy 'n aanstelling as trustee vermy in 'n situasie waarin die afwesigheid van 'n belangekonflik nie duidelik gedemonstreer kan word nie. Daarom moet 'n trustee nie persoonlik betrokke wees by die oudit van 'n trust nie. So ook behoort hy/sy nie persoonlik betrokke te wees by die oudit van 'n maatskappy waarin die trust 'n wesenlike aandeelhouding het nie. Indien die praktisyn versoek word om 'n trustee te wees, behoort hy/sy 'n minderheidstrustee te wees.

- 7.6 Aandele in 'n kliënt kan onwillekeurig verkry word, wanneer 'n praktisyn byvoorbeeld sodanige aandele erf, of met 'n aandeelhouer trou, of in 'n oornamesituasie. In hierdie gevalle behoort die aandele so gou as wat prakties doenlik is van die hand gesit te word of anders moet die praktisyn enige verdere verslagdoeningsopdrag van daardie maatskappy weier.
- 7.7 Nog 'n praktisyn, nog sy gade of afhanklike kind behoort 'n lening aan 'n kliënt toe te staan of 'n kliënt se lening te waarborg of 'n lening van 'n kliënt te aanvaar of 'n lening deur 'n kliënt te laat waarborg. Laasgenoemde voorskrif is nie van toepassing op lenings aan en van banke of ander soortgelyke finansiële instellings wat ooreenkomstig normale leenprosedures, -bepalings en -vereistes aangegaan word nie, en ook nie op huisverbandlenings, op lopende of depositorekening by banke, en so meer, nie.
- 7.8 Wanneer 'n nie-kliëntbeleggingnemer van wesenlike belang vir 'n kliëntbelegger is, sal enige direkte of wesenlike indirekte finansiële belang van die praktisyn in die nie-kliëntbeleggingnemer as aantasting van die praktisyn se onafhanklikheid teenoor die kliënt beskou word. So ook sou enige direkte of wesenlike indirekte finansiële belang van die praktisyn in die nie-kliëntbelegger as aantasting van die praktisyn se onafhanklikheid met betrekking tot die kliënt gesien word in gevalle waar die kliëntbeleggingnemer van wesenlike belang vir die nie-kliëntbelegger is.
- 7.9 Ander verhoudings, soos gesamentlike ondernemings tussen kliënt en nie-kliënt, mag die beeld van onafhanklikheid skaad. In die geval van 'n gesamentlike onderneming sou 'n nie-wesenlike finansiële belang van die praktisyn in die nie-kliëntbelegger oor die algemeen nie die onafhanklikheid van die praktisyn met betrekking tot die kliënt aantas nie, op voorwaarde dat die praktisyn nie die nie-kliëntbelegger in 'n beduidende mate kan beïnvloed nie. Indien die praktisyn nie weet, of daar redelikerwys verwag kon word dat hy/sy wel moes weet, van die finansiële belange of verhoudings in gesamentlike ondernemings nie, sou die praktisyn se onafhanklikheid nie as aangetas beskou kan word nie.
- 7.10 Oor die algemeen behoort die praktisyn onafhanklik te wees van 'n kliënt en al die moeder-, filiaal- en geaffilieerde maatskappye daarvan.
- 7.11 Normaalweg sou die volgende egter nie as 'n aantasting van die praktisyn se onafhanklikheid beskou word nie:
- 7.11.1 Die besit van effekte in 'n publieke maatskappy waarin effekte algemeen gehou word, op voorwaarde dat die totaal nie wesenlik is in verhouding tot die totale aantal effekte wat die maatskappy uitgereik het nie of in verhouding tot die bates van die praktisyn, of van sy/haar professionele personeel, of sy/haar gade of afhanklikes nie;
- 7.11.2 Deposito's by of aanvaarding van lenings vanaf kliënte wat as finansiële instellings geregistreer is op dieselfde voorwaardes as wat vir die algemene publiek geld;

- 7.11.3 Beleggings in leningseffekte van kliënte wat openbare nutskorporasies of munisipaliteite is;
- 7.11.4 Indirekte beleggings in kliënte deurdat eenhede in onderlinge fondse, versekeringspolisse of aftreebefondsingbeleggings gehou word; en
- 7.11.5 Skuld wat voortvloei uit normale handelstransaksies op dieselfde voorwaardes as wat aan die algemene publiek beskikbaar is.
- 7.12 Aanstellings in maatskappye: Indien 'n praktisyn gedurende die tydperk tans onder oorsig of wat 'n opdrag onmiddellik voorafgegaan het
- 7.12.1 'n lid van die raad, 'n amptenaar of 'n werknemer van 'n maatskappy;
- 7.12.2 'n vennoot van, of in diens van 'n lid van die raad of 'n amptenaar of 'n werknemer van 'n maatskappy
- is of was, sou hy/sy geag word 'n belang te hê wat sy/haar onafhanklikheid sou aantas in verslagdoening oor daardie maatskappy.

Kommentaar

- 7.13 Praktisyns wat hulle in sulke situasies bevind, behoort nie as ouditeure van die betrokke maatskappye aangestel te word nie. Verder is dit klaarblyklik wenslik dat hulle nie persoonlik aangestel moet word, of betrokke moet wees by opdragte waar 'n mening uitgespreek moet word nie. Daar word voorgestel dat die tydperk wat die opdrag voorafgaan ten minste twee jaar moet wees.

Verskaffing van ander dienste aan ouditkliënte

- 7.14 Wanneer 'n praktisyn benewens die uitvoering van die attesfunksie ook ander dienste aan 'n kliënt lewer, moet hy/sy daarop let dat geen bestuursfunksie uitgevoer word of bestuursbesluite geneem word nie. Alle bestuursbesluite bly die verantwoordelikheid van die raad van direkteure en bestuur.

Kommentaar

- 7.15 Gegee die vaardigheid en ywer wat praktisyns aan die dag lê, en die feit dat hulle reeds 'n dieptekennis van hulle kliënt se sake het, is dit toepaslik dat hulle ander finansiële en bestuurskonsultasiedienste aan hulle kliënte bied. Talle maatskappye (veral die kleineres) sou nadelig geraak word indien hulle die reg ontsê word om van ander dienste van hulle ouditeure gebruik te maak. In die uitvoering van hulle professionele dienste adviseer praktisyns dikwels hulle kliënte. Dit gebeur veral in die geval van kleiner besighede, waar die oudit van die finansiële state en advies in verband met byvoorbeeld die voorsiening wat vir belasting gemaak moet word, dikwels so nou verweef is dat 'n onderskeid nie getref kan word nie. Hierbenewens behels een van die belangrikste konsepte in 'n oudit 'n ondersoek van die interne beheerstelsel, wat noodwendig voorstelle vir die verbetering daarvan insluit. Om hierdie redes in dit nie prakties om die beperkings op die advies wat 'n praktisyn mag gee, te omskryf nie.
- 7.16 Die dienste wat die praktisyn op die gebiede van bestuurskonsultasie en belasting lewer, is van 'n adviserende aard. Sulke dienste behoort nie die bestuursfunksies van kliëntmaatskappye te verdring nie. Die onafhanklikheid van 'n praktisyn word nie aangetas deur die aanbieding van adviesdienste nie, op voorwaarde dat

daar geen betrokkenheid is by of verantwoordelikheid aanvaar word vir bestuursbesluite nie. Die lewering van ander professionele dienste is nie in beginsel 'n faktor wat by die bepaling van die onafhanklikheid van 'n praktisyn in ag geneem word nie. Nietemin moet die praktisyn sorg aan die dag lê dat die bestuursfeer nie by wyse van die adviesfunksie betree word nie.

7.17 Die voorbereiding van rekeningkundige rekords is 'n diens wat dikwels van 'n praktisyn verlang word, veral deur kleiner kliënte wie se ondernemings nie groot genoeg is om voldoende voltydse interne rekeningkundige personeel te regverdig nie. Dit is onwaarskynlik dat groter kliënte hierdie dienste sal verlang, behalwe in uitsonderlike omstandighede. In alle gevalle waar onafhanklikheid 'n voorvereiste is, en waarin die praktisyn betrokke is by die voorbereiding van rekeningkundige rekords vir 'n kliënt, moet die volgende vereistes nagekom word:

7.17.1 Die praktisyn behoort nie enige verhouding of kombinasie van verhoudings of belangenkonflik met die kliënt te hê wat integriteit of onafhanklikheid kan aantast nie.

7.17.2 Die kliënt behoort verantwoordelikheid vir die state te aanvaar.

7.17.3 Die praktisyn behoort die rol van nóg werknemer nóg bestuur wat die onderneming bedryf, te vervul.

7.17.4 Personeel wat verantwoordelik is vir die opstel van die rekeningkundige rekords behoort verkieslik nie by die ondersoek van daardie rekords betrek te word nie. Die feit dat die praktisyn sekere rekords verwerk of bygehou het, skakel nie die noodsaaklikheid van voldoende oudittoetse uit nie.

Persoonlike en familiebande

7.18 Persoonlike en familiebande kan onafhanklikheid beïnvloed. Besondere sorg moet aan die dag gelê word om toe te sien dat 'n onafhanklike benadering tot enige opdrag nie in die gevaar gestel word deur enige persoonlike of familiebande nie.

Kommentaar

7.19 Daar word aanvaar dat dit onprakties sou wees om te poog om 'n gedetailleerde beskrywing van die etiese vereistes te gee met betrekking tot die toelaatbare omvang van 'n persoonlike verhouding tussen die praktisyn in openbare praktyk en 'n kliënt of tussen diegene wat verantwoordelike uitvoerende posisies by 'n kliënt beklee (bv. direkteur, hoof- uitvoerende beampte, finansiële amptenaar of ander werknemer in 'n soortgelyke posisie). Die tipe situasies wat aanleiding kan gee tot moontlike druk op die praktisyns kan byvoorbeeld ontstaan wanneer 'n praktisyn sakebelange met 'n amptenaar of werknemer van 'n kliënt deel of 'n wesenlike belang in 'n gesamentlike onderneming met 'n kliënt het.

7.20 Wat familiebande betref, is dit belangrik om te verseker dat die aard van die verhouding met 'n kliënt nie so nou is dat 'n onafhanklike benadering tot professionele dienste vir daardie kliënt daaronder ly nie.

7.21 Familiebande wat altyd 'n onaanvaarbare bedreiging vir onafhanklikheid inhou, is daardie waarin 'n alleenpraktisyn of 'n vennoot in 'n praktyk of 'n werknemer wat aan 'n opdrag van die kliënt werk, die gade, afhanklike kind of inwonende familielid van die kliënt is.

Onafhanklikheid in verband met gelde

7.22 Wanneer gelde wat herhaaldelik van dieselfde kliënt of groep verwante kliënte ontvang word, 'n groot deel van die totale bruto gelde van 'n praktisyn of die praktyk as 'n geheel verteenwoordig, moet afhanklikheid van die kliënt of groep kliënte noodwendig onder die soeklig kom, en kan dit twyfel oor onafhanklikheid wek.

Kommentaar

7.23 Dit is onmoontlik om te verklaar presies wat 'n onaanvaarbare deel van die totale gelde verteenwoordig wat van een kliënt of groep van verwante kliënte ontvang word. Indien sodanige gelde egter die enigste bron of 'n wesenlike deel van die bruto inkomste is, moet die praktisyn die kwessie van aantasting van onafhanklikheid sorvuldig oorweeg. 'n Soortgelyke situasie ontstaan indien gelde wat 'n kliënt vir professionele dienste skuld vir 'n geruime tyd onbetaald is, veral as 'n wesenlike gedeelte daarvan nie betaal word voordat die praktisyn se verslag vir die komende jaar uitgereik word nie. Toegewings sal gemaak word vir nuwe praktyke wat nog in die proses van vestiging is en vir praktyke wat van voorneme is om hulle bedrywighede te staak. 'n Takkantoor wat van een kliënt of groep van verwante kliënte afhanklik is, kan ook vrygestel word. Sodanige vrystelling mag byvoorbeeld verleen word indien die takkantoor die finansiële state van 'n kliënt van die praktyk as geheel oudit, terwyl daardie kliënt 'n groot gedeelte van die besigheid van die takkantoor verteenwoordig. Onder sulke omstandighede moet 'n vennoot van 'n ander kantoor die professionele dienste aan daardie kliënt of groep nagaan.

Goedere en dienste

7.24 Dit mag 'n bedreiging vir onafhanklikheid inhou indien goedere en dienste van 'n kliënt aanvaar word. Aanvaarding van oormatige gasvryheid hou 'n soortgelyke gevaar in.

Kommentaar

7.25 Praktisyns, hulle gades of afhanklike kinders behoort nie goedere en dienste te aanvaar nie, tensy dit gegrond is op sakevoorwaardes wat geensins meer gunstig is as die wat algemeen vir andere geld. Gasvryheid en geskenke buite die perke van sosiale hofflikheid behoort nie aanvaar te word nie.

Vorige vennote

7.26 'n Vennoot in 'n praktyk mag die praktyk verlaat deur te bedank, diens te beëindig, af te tree of die praktyk te verkoop. So 'n vennoot mag 'n aanstelling

aanvaar by 'n kliënt van die praktyk waarvan hy/sy 'n vorige vennoot was indien die oudit of ander verslagdoeningsfunksie deur daardie praktyk uitgevoer word. Onder hierdie omstandighede word die onafhanklikheid van die praktyk nie in die volgende gevalle aangetas nie:

7.26.1 Die betaling van die verskuldigde bedrae aan 'n vorige vennoot vir sy/haar belang in die praktyk en vir onbefondsde, gevestigde aftreevoordele word gemaak ooreenkomstig 'n vaste skedule wat sowel betaaldatums en bedrae betref. Daarbenewens moet die aard van die bedrae wat verskuldig is, so wees dat dit nie 'n aansienlike twyfel wek oor die praktyk se vermoë om as 'n lopende onderneming te bly voortbestaan nie.

7.26.2 Die vorige vennoot moet nie deelneem of skyn deel te neem aan die praktyk se besigheid of professionele aktiwiteite nie, ongeag of hy/sy daarvoor vergoed word of nie. Aanduidings van deelname sluit in die voorsiening van kantoorruimte en soortgelyke fasiliteite aan die vorige vennoot deur die praktyk.

Werklike of dreigende regsgedinge

7.27 Regsgedinge waarby die praktisyn en 'n kliënt betrokke is, laat die moontlikheid ontstaan dat dit die normale verhouding met die kliënt in so 'n mate mag raak dat die praktisyn se onafhanklikheid en objektiwiteit aangetas mag word.

Kommentaar

7.28 Onafhanklikheid kan aangetas word indien 'n kliënt of ander persone regstappe teen 'n praktisyn neem of 'n regsgeding instel waarin byvoorbeeld beweer word dat die praktisyn skuldig is aan substandaard werk op die kliënt se oudit, of indien die praktisyn 'n regsgeding instel waarin byvoorbeeld beweer word dat die amptenare van 'n maatskappy skuldig is aan 'n bedrog of misleiding. Sodanige regstappe, of 'n geloofwaardige dreigement om daarmee te begin of 'n verklaarde voorneme om regstappe te neem teen die praktisyn in openbare praktyk met betrekking tot die sake van die maatskappy of omgekeerd, mag veroorsaak dat albei partye in posisies geplaas word wat die objektiwiteit van die praktisyn in openbare praktyk kan raak. Dit kan die vermoë raak om billik en onbevooroordeeld verslag te doen oor die maatskappy se finansiële state. Terselfdertyd kan die bestaan van sodanige optrede (of dreigement van optrede) 'n invloed hê op die bestuur van die maatskappy se bereidwilligheid om relevante inligting aan die praktisyn in openbare praktyk openbaar te maak.

7.29 Dit is onmoontlik om te spesifiseer presies wanneer dit vir die praktisyn onbehoorlik sou word om met verslagdoening voort te gaan. Die praktisyn moet egter ag slaan op die omstandighede waarin dit vir die publiek mag lyk asof die regsgeding waarskynlik die rekenmeester se onafhanklikheid sal raak.

8 PROFESSIONELE BEVOEGDHEID

8.1 'n Praktisyn behoort nie enige opdrag te onderneem of voort te sit indien hy/sy

nie bevoeg is om dit uit te voer nie, tensy advies en hulp bekom word wat hom/haar in staat sal stel om dit bevredigend te verrig. 'n Kliënt het die reg om aan te neem dat die praktisyn professioneel bevoeg is om enige besondere taak wat aanvaar is, uit te voer.

8.2 'n Praktisyn moet sy/haar professionele kennis en vaardigheid handhaaf. Dit vereis dat hy/sy voortdurend op die hoogte moet wees van ontwikkelings in die rekenmeestersprofessie, en dit sluit in nasionale en internasionale uitsprake oor rekeningkunde, ouditkunde en ander tersaaklike regulasies en wetlike vereistes. Praktisyns behoort 'n program vir voortgesette professionele opleiding te volg.

9 VERTROULIKHEID

9.1 'n Praktisyn moet die vertroulikheid respekteer van inligting wat hy/sy in die loop van sy/haar werk bekom, en mag daardie inligting nie gebruik of openbaar maak sonder behoorlike en spesifieke magtiging nie, tensy hy/sy 'n wetlike of professionele plig het om dit te doen.

9.2 Praktisyns het 'n plig om te verseker dat personeel onder hulle beheer en persone van wie advies en hulp ingewin word, die beginsel van vertroulikheid respekteer.

9.3 'n Lid mag nie die vertroulike inligting wat in die loop van werk bekom is onbehoorlik gebruik nie, of tot sy/haar persoonlike voordeel of tot die voordeel van 'n derde party. Die vertroulikheidsplig geld ook na voltooiing van 'n opdrag.

9.4 Hierdie beperkings is nie van toepassing op die openbaarmaking van inligting ter uitvoering van die praktisyn se pligte ingevolge enige wet nie, en dit sluit in maar is nie beperk nie tot –

9.4.1 verslagdoening oor wesenlike onreëlmatighede;

9.4.2 lewering van getuienis in die loop van regsaksies, of die noodwendige openbaarmaking van inligting ter voorbereiding vir regsaksies;

9.4.3 verskaffing van inligting ingevolge die Inkomstebelastingwet in verband met inspeksies wat deur die Departement van Binnelandse Inkomste uitgevoer word.

9.5 Hierdie Kode verbied nie die openbaarmaking van inligting wat die praktisyn nodig het om te voldoen aan tegniese standaarde en etiese vereistes nie, insluitende maar nie beperk nie tot –

9.5.1 kwalifikasies in outditverslae;

9.5.2 verslae wat aan die Onderzoek- of Dissiplinêre Komitees voorgelê word; en

9.5.3 openbaarmaking in verband met 'n praktykkoersig wat ingevolge die Wet uitgevoer word.

9.6 'n Praktisyn mag inligting openbaar maak om sy/haar professionele belang in regsaksies te beskerm.

9.7 Indien van 'n praktisyn vereis word om inligting in verband met 'n kliënt se sake openbaar te maak, moet die kliënt dienooreenkomstig ingelig word. Daar moet met sorg te werk gegaan word om te verseker dat net die inligting wat absoluut noodsaaklik is, beskikbaar gestel word.

10 PRAKTYKAANGELEENTHEDE

Tipe praktyk

- 10.1 'n Praktisyn wat ouditwerk verrig, mag as 'n alleenpraktisyn of in vennootskap of in enige ander tipe wat van tyd tot tyd toegelaat word, praktiseer.
- 10.2 'n Praktisyn mag nie-ouditwerk verrig as 'n alleenpraktisyn of deur 'n vennootskap, maatskappy, beslote korporasie of ander entiteit, onderworpe aan die bepalings van paragraaf 3.2.

Belastingpraktyk

- 10.3 'n Praktisyn wat professionele belastingdienste lewer, het die reg om die beste posisie ten gunste van die kliënt voor te lê, mits die diens met professionele bevoegdheid gelewer word, nie op enige wyse integriteit of objektiwiteit aantas nie, en na die mening van die praktisyn aan die wet voldoen. Die kliënt mag die voordeel van die twyfel geniet indien daar redelike gronde vir die posisie bestaan.
- 10.4 'n Praktisyn behoort nie vir die kliënt die versekering te gee dat die belastingopgawe en die belastingadvies wat gegee is, onbetwisbaar is nie. Hy/sy moet liever verseker dat die kliënt bewus is van die beperkings wat met belastingadvies en -dienste gepaard gaan, sodat hulle nie die uitspraak van 'n mening as 'n feitestelling vertolk nie.
- 10.5 'n Praktisyn wat met die voorbereiding van 'n belastingopgawe help of dit opstel, behoort die kliënt daarop te wys dat die verantwoordelikheid vir die inhoud van die opgawe eerstens by die kliënt berus. Die praktisyn moet die nodige stappe neem om te verseker dat die belastingopgawe behoorlik voorberei word, op grond van die inligting wat ontvang is.
- 10.6 Indien die belastingadvies of -menings wat aan 'n kliënt gegee word wesenlik van aard is, behoort rekord daarvan gehou te word in die vorm van 'n brief of in 'n memorandum vir die lêers.
- 10.7 'n Praktisyn behoort nie geassosieer te word nie met enige opgawe of kommunikasie indien dit na sy mening –
 - 10.7.1 'n vals of misleidende verklaring bevat;
 - 10.7.2 verklarings of inligting bevat wat roekeloos of sonder enige ware kennis rakende die waarheid al dan nie, daarvan gegee word; of
 - 10.7.3 inligting wat voorgelê word, verswyg of onverstaanbaar maak, en sodanige verswyging of onverstaanbaarheid die inkomstebelastingowerhede sal mislei.
- 10.8 Vir doeleindes van hierdie afdeling van die Kode, het “geassosieer” die volgende betekenis: “'n Praktisyn, of in die geval van 'n praktyk, sy praktyk, word ‘geassosieer’ met 'n opgawe of 'n finansiële staat wat saam met die opgawe ingedien word of met 'n voorlegging namens 'n kliënt, indien hy/sy toegestem het tot die gebruik van sy/haar of sy/haar praktyk se naam in daardie opgawe of staat of voorlegging of indien hy/sy, met of sonder 'n dekbriëf, 'n opgawe of finansiële staat of voorlegging voorlê wat hy/sy of sy/haar praktyk voorberei of

help voorberei het. Die feit dat die opgawe of finansiële staat of voorlegging op gewone papier (m.a.w. sonder 'n briefhoof) of andersins gereproduseer is, of dat die naam van die praktisyn of sy/haar praktyk nie daarby aangeheg is nie, weerspreek nie op sigself so 'n assosiasie nie.”

- 10.9 'n Praktisyn mag belastingopgawes opstel waarin gebruik gemaak is van ramings, indien sodanige gebruik algemeen aanvaarbaar is of dit onder die omstandighede onprakties is om juiste data te verkry. Wanneer ramings gebruik word, moet dit op so 'n wyse aangebied word dat dit nie groter akkuraatheid impliseer as wat die geval is nie. Die praktisyn behoort tevrede te wees dat die geraamde bedrae onder die omstandighede redelik is.
- 10.10 In die voorbereiding van 'n belastingopgawe kan 'n praktisyn gewoonlik steun op inligting wat deur die kliënt verstrek word, op voorwaarde dat die inligting op die oog af redelik lyk. Hoewel die ondersoek of oorsig van dokumente of ander bewyse ter ondersteuning van die inligting nie vereis word nie, behoort die lid die voorsiening van ondersteunende data, waar toepaslik, aan te moedig.
- 10.11 Hierbenewens moet die praktisyn
 - 10.11.1 die kliënt se opgawes van vorige jare gebruik wanneer dit ook al prakties is;
 - 10.11.2 redelike navrae doen wanneer dit lyk of die inligting foutief of onvolledig is; en
 - 10.11.3 aangemoedig word om na die boeke en rekords van die sakebedrywighede te verwys.
- 10.12 Wanneer 'n praktisyn bewus word van 'n wesenlike fout of weglating in 'n belastingopgawe van 'n vorige jaar (of hy daarmee geassosieer was of nie), of van die versuim om die vereiste belastingopgawe in te dien, het hy 'n verantwoordelikheid om die kliënt onverwyld oor die fout of weglating in te lig en aan te beveel dat dit aan die belastingowerhede openbaar gemaak word. Die praktisyn is nie verplig om self die belastingowerhede in te lig nie, en mag dit ook nie sonder toestemming doen nie. Indien die kliënt nie die fout binne 'n redelike tyd regstel nie, moet die praktisyn –
 - 10.12.1 die kliënt in kennis stel dat hy/sy nie namens hulle kan optree in verband met daardie opgawe of ander verwante inligting wat aan die owerhede voorgelê is nie; en
 - 10.12.2 oorweeg of voortgesette assosiasie met die kliënt in enige hoedanigheid met professionele verantwoordelikhede strook.
- 10.13 Indien die praktisyn tot die gevolgtrekking kom dat 'n professionele verhouding met die kliënt wel voortgesit kan word, behoort hy/sy alle redelike stappe te doen om te verseker dat die fout, of soortgelyke foute, nie in daaropvolgende belastingopgawes herhaal word nie.

Kliënte se gelde

- 10.14 'n Praktisyn behoort nie kliënte se gelde te hou indien daar rede is om te meen dat dit uit onwettige aktiwiteite verkry of daarvoor gebruik word nie.

- 10.15 'n Praktisyn aan wie in die loop van sy professionele werk gelde toevertrou is wat aan ander behoort, behoort –
- 10.15.1 hierdie gelde afsonderlik van persoonlike of die firma se gelde te hou;
- 10.15.2 hierdie gelde slegs te gebruik vir die doel waarvoor dit bestem is; en
- 10.15.3 te alle tye gereed te wees om verantwoording te doen oor hierdie gelde aan enige persoon wat op verantwoording geregtig is.
- 10.16 'n Praktisyn behoort een of meer bankrekenings te hê wat spesifiek vir kliënte se gelde bestem is.
- 10.17 Kliënte se gelde wat deur 'n praktisyn ontvang is, behoort onverwyld gedeponeer en tot 'n kliënt se rekening gekrediteer te word, of – indien dit in die vorm van titeldokumente tot geld is of titeldokument is wat in geld omskep kan word – teen ongemagtigde gebruik beskerm te word.
- 10.18 Gelde mag slegs in opdrag van 'n kliënt uit die kliëntrekening onttrek word.
- 10.19 Gelde wat deur 'n kliënt verskuldig is, mag uit die kliënt se gelde onttrek word op voorwaarde dat die kliënt, nadat hy van hierdie gelde in kennis gestel is, ingestem het daartoe.
- 10.20 Betalings uit 'n kliëntrekening mag nie die kredietsaldo van die kliënt oorskry nie.
- 10.21 Wanneer dit waarskynlik lyk dat die kliënt se gelde vir 'n beduidende tydperk in die kliëntrekening sal bly, behoort die praktisyn sulke gelde binne 'n redelike tyd en met die kliënt se medewerking in 'n rentedraende rekening te plaas.
- 10.22 Alle rente verdien op die kliënte se gelde behoort na die kliënt se rekening gekrediteer te word.
- 10.23 Praktisyns behoort sodanig boek te hou dat hulle in staat sal wees om te eniger tyd duidelik te wys watter transaksies van toepassing is op die gelde van kliënte in die algemeen en die gelde van elke individuele kliënt in die besonder. 'n Rekeningstaat behoort minstens eenmaal per jaar aan elke kliënt gestuur te word.

Buitelandse opdragte

- 10.24 Praktisyns wat in ander lande werk waar die profesie deur 'n liggaam van goeie naam of deur wetgewing beheer word, behoort die plaaslike etiese vereistes na te kom, selfs al sou dit in stryd met hierdie Kode wees. Praktisyns wat in 'n land werk waar die profesie nie so beheer word nie, behoort die riglyne van hierdie Kode te volg tensy erkende, goed gevestigde en eerbare plaaslike standaarde toegepas word.

Firmas se name en professionele skryfbehoeftes

- 10.25 Onderworpe aan die volgende leiding, mag praktisyns praktiseer onder watter naam of titel hulle ook al geskik ag, nadat dit deur die OROR goedgekeur is. Behalwe waar die naam van die firma gegrond is op die name van voormalige of huidige lede van die firma self of van 'n firma waarmee dit saamsmelt het, word praktisyns aangeraai om die OROR te raadpleeg oor die aanvaarbaarheid van enige 'nie-persoonlike' naam, voordat sodanige naam by die Registrateur

van Maatskappye (indien van toepassing) geregistreer of skryfbehoeftes gedruk word.

- 10.26 Die filosofie agter die OROR se naamverbod is om name te vermy wat op enige manier aanstootlik vir die redelike persoon mag wees, of wat poog om onbillike mededingsingsvoordeel te bewerkstellig.
- 10.27 Dit volg dat 'n firmanaam verenigbaar behoort te wees met die waardigheid van die profesie in die sin dat dit nie 'n beeld moet projekteer wat onverenigbaar is met dié van 'n professionele praktyk wat onderworpe is aan hoë etiese en tegniese standaarde nie.
- 10.28 Dit was die gebruik van die profesie dat praktisyns onder 'n firmanaam praktiseer wat gegrond is om die name van voormalige of huidige lede van die firma self, of van 'n firma waarmee dit saamsmelt het. 'n Firmanaam wat so afgelei is, sal gewoonlik met hierdie leiding verenigbaar wees.
- 10.29 Oor die algemeen sal nie-persoonlike firmaname goedgekeur word tensy dit misleidend of nie in professionele goeie smaak is nie.
- 10.30 Praktisyns kan dienooreenkomstig, wanneer 'n *firmanaam* oorweeg word, aanneem dat die OROR dit vir registrasie sal goedkeur, tensy daar beduidende, identifiseerbare kwellings bestaan dat die naam –
- misleidend is
 - selfprysensend of beskrywend of vergelykend is met die oog op die verkryging van 'n mededingende voordeel
 - oneerbiedig, platvloers, immoreel suggestief is of in soortgelyke swak smaak is; of
 - sodanig is dat die goeie naam van die profesie aangetas of in die gevaar gestel word.

'n Firmanaam behoort nie misleidend te wees nie

- 10.31 Dit sou misleidend wees indien 'n firma met baie min kantore homself as “internasionaal” sou beskryf bloot op grond daarvan dat een daarvan oorsee is.
- 10.32 'n Firmanaam sou misleidend wees indien daar in al die omstandighede 'n werklike risiko was dat dit verwar sou kon word met die naam van 'n bestaande firma, selfs al sou die lede van die nuwe firma met reg op die naam aanspraak kon maak.

Praktisyns word aangemoedig om sodanige kwessies in hul vennootskapsooreenkoms aan te spreek.

Gebruik van '& Assosiate', '& Kie' of '& Vennote'

- 10.33 Die naam of beskrywing van 'n firma wat 'n groter aantal lede impliseer as wat in werklikheid die geval is, is toelaatbaar mits die naam(name) van die lid(lede) saam met die naam van die firma op al die firma se skryfbehoeftes verskyn.

Gebruik van die benamings ‘Geoktrooierde Rekenmeester’ en ‘Geregistreeerde Rekenmeester en Ouditeur’

- 10.34 Die benaming ‘Geoktrooierde Rekenmeesters’, ‘Geregistreeerde Rekenmeesters en Ouditeure’ of enige ander beskrywende omskrywing soos ‘Konsultasiedienste’ of ‘Finansiële en Raadgewende Dienste’ behoort nie deel van die naam van die firma te vorm nie. Die OROR verwag egter wel dat alle praktisyns die feit dat hulle geregistreeerde rekenmeesters en ouditeure is op hul professionele skryfbehoeftes weerspieel en, indien dit die geval is, ook dat hulle geoktrooierde rekenmeesters is. Daar word ook van praktisyns verwag om die benaming ‘Geregistreeerde Rekenmeesters en Ouditeure’ onder hul name op die handtekeningreël van enige professionele korrespondensie te toon en, in die besonder, van auditverslae.
- 10.35 Dit sou heeltemal in orde wees indien praktisyn op hul skryfbehoeftes sou wou toon dat hulle ook sakeadviseurs, konsultante en so meer is, maar die OROR sal nie hierdie name as deel van die firmanaam registreer nie. Praktisyns moet van tyd tot tyd die beskrywings wat hulle gebruik nagaan om te verseker dat die gebruik van daardie beskrywings regverdig kan word.

Veelvoudige firmas

- 10.36 Dit is toelaatbaar om ’n lid van meer as een auditfirma te wees, of van ’n auditfirma en ’n ander tipe professionele firma. Dit is ook toelaatbaar om onder verskillende name van verskillende kantore te praktiseer, op voorwaarde dat dit nie misleidend is nie.
- 10.37 GROs wat lede van auditfirmas is asook lede van ander rekeningkundige of soortgelyke soorte firmas is (soos KFR-firmas), moet verseker dat daar ’n duidelike onderskeid is tussen die verskillende firmas en die lede daarvan, en dat hulle nie onwetend artikel 14 van die ORO-wet oortree, of veroorsaak dat dit oortree word deur die nie-GRO-lede van hierdie ander firmas nie.

Skryfbehoeftes

- 10.38 Praktisyns se skryfbehoeftes behoort aan ’n aanvaarbare professionele standaard te voldoen.
- 10.39 Afgesien van die naam van die firma, sy logo (indien enige) en die gebruikelike besonderhede aangaande adresse en e-posadresse en telefoon- en telefaksimileenummers, mag ’n praktisyn se professionele skryfbehoeftes ook die volgende inligting bevat:
- Die name van al die vennote, as sodanig gespesifiseer;
 - Die name van alle professionele assistente wat GROs is, as sodanig gespesifiseer;
 - Die name van ander werknemers of konsultante (of hulle ‘vennootstatus’ het of nie), op voorwaarde dat dit duidelik blyk dat hierdie werknemers of konsultante nie vennote of GROs is nie; en
 - Die name van persone, firmas of organisasies, insluitend daardie wat nie by die OROR geregistreeer is nie, met wie die praktisyn geassosieer is.

[In die lees van hierdie Kode moet praktisyns ag slaan op die beperkings vervat in artikels 14 en 27(1) van die ORO-Wet, artikel 83 van die Wet op Prokureurs (Wet 53 van 1979) en artikels 3, 4 en 5 van die Wet op Besigheidsname (Wet 27 van 1960)].

Die ondertekening van verslae en sertifikate

- 10.40 ’n Praktisyn mag nie sy ondertekeningbevoegdheid van audit- en ander verslae of sertifikate deleger aan enige persoon wat nie sy/haar vennoot is nie. In spesifieke noodgevalle waarvan die aard ernstig genoeg is, mag hierdie verbod egter verslap word, mits ’n verslag omtrent die volle omstandighede wat die delegering genoodsaak het, aan sowel die kliënt van die praktisyn as die Raad gestuur word.

11 GELDE VIR PROFESSIONELE DIENSTE

Inleiding

- 11.1 Praktisyns wat professionele dienste vir ’n kliënt onderneem, aanvaar die verantwoordelikheid om die werk objektief en met integriteit en in ooreenstemming met die toepaslike tegniese standaarde uit te voer. Daardie verantwoordelikheid word nagekom deur die professionele vaardigheid en kennis toe te pas wat hy/sy en sy/haar personeel deur opleiding en ondervinding verwerf het. Hy/sy het die reg tot billike vergoeding vir die dienste wat gelewer word.
- 11.2 Wanneer ’n praktisyn ’n vergoeding aanstip, of dit ’n kwotasie of raming is, moet hy/sy verseker dat sy/haar objektiwiteit, integriteit en tegniese standaarde nie as gevolg daarvan in gevaar gestel word nie.

Vasstelling van gelde

- 11.3 In die vasstelling van wat billike vergoeding behels, mag die praktisyn die waarde van die professionele diens aan die kliënt in ag neem, asook die gebruikelike koste vir soortgelyke dienste deur ander professies, banke en bestuurs- en sakekonsultante, en enige ander spesiale omstandighede wat mag geld. Geen enkele faktor is noodwendig deurslaggewend nie. Dit is primêr deur onderhandeling tussen die praktisyn en die kliënt dat ’n aanvaarbare vergoeding beding word.
- 11.4 Gelde behoort ’n billike weerspieëling te wees van die waarde van die professionele dienste wat aan die kliënt gelewer word. In die vasstelling van die gelde behoort die volgende faktore in ag geneem te word:
- 11.4.1 Die vaardigheid en kennis wat deur die tipe professionele diens vereis word;
 - 11.4.2 Die vlak van opleiding en ondervinding van die persone wat noodwendig by die lewering van die professionele diens betrokke is;
 - 11.4.3 Die tyd wat noodwendig bestee word deur elke persoon wat by die uitvoering van professionele dienste betrokke is;

- 11.4.4 Die omvang van verantwoordelikheid wat die uitvoering van daardie dienste behels; en
- 11.4.5 Die vlak en omvang van die belegging in tegnologie.
- 11.5 Dit is in die beste belang van sowel die kliënt as die praktisyn dat laasgenoemde verduidelik wat die presiese omvang van professionele dienste is wat deur die gelde gedek sal word, asook die grondslag waarvolgens die gelde bereken word en enige faktureringsreëlings. Dit behoort verkieslik skriftelik gedoen te word, en voor die aanvang van die aanstelling, ten einde misverstande ten opsigte van gelde te voorkom.
- 11.6 'n Praktisyn behoort op versoek soveel besonderhede te verstrek dat die kliënt geredelik in staat sal wees om die grondslag waarvolgens die gelderekening opgestel is, te begryp.
- 11.7 Dit volg dat –
- 11.7.1 tydreks, waar toepaslik, gehou behoort te word as 'n grondslag vir die vasstelling van gelde;
- 11.7.2 die tariewe wat vir die berekening van die gelde gebruik is, in die omstandighede billik en redelik behoort te wees; en
- 11.7.3 hierdie tariewe gegrond moet wees op die grondliggende beginsel dat die organisasie en gedrag van die praktisyn en die dienste wat aan kliënte gelewer word, goed beplan, beheer en bestuur word.
- 11.8 'n Praktisyn behoort nie 'n voorlegging te doen dat spesifieke professionele dienste in die huidige of toekomstige tydperke teen vasgestelde gelde, geraamde gelde of 'n geldeskaal gelewer sal word indien dit ten tye van die voorlegging waarskynlik is dat hierdie gelde aansienlik verhoog sal word en die voornemende kliënt nie kennis dra van die waarskynlikheid nie.

Kommissie

- 11.9 Indien 'n praktisyn kommissie betaal of ontvang, mag dit sy objektiwiteit en onafhanklikheid aantas. 'n Praktisyn behoort byvoorbeeld nie
- 11.9.1 kommissie te betaal om 'n kliënt te bekom nie; of
- 11.9.2 kommissie van derde partye te aanvaar vir die verwysing van produkte of dienste aan 'n kliënt nie, tensy die kliënt vooraf oor hierdie reëlings ingelig is.
- 11.10 Die betaling of ontvangs van gelde ten opsigte van werk wat uit verwysings tussen openbare praktisyns spruit, word nie as kommissie beskou nie.
- 11.11 Betalings en ontvangs van verwysingsgelde tussen praktisyns wanneer geen dienste deur die verwysende rekenmeester gelewer is nie, word vir doeleindes van paragraaf 11.9 as kommissie beskou.
- 11.12 'n Praktisyn mag egter 'n reëling aangaan vir die aankoop of gedeeltelike aankoop van 'n rekenmeesterspraktyk, waarvolgens betalings gemaak moet word aan die individue wat voorheen by die praktyk betrokke was, of aan hulle erfgename of boedels.

Gebeurlikheidsgelde

- 11.13 Gebeurlikheidsgelde is gelde wat onderhandel word vir die lewering van enige professionele dienste ingevolge 'n reëling waarvolgens gelde nie gehef sal word tensy 'n spesifieke bevinding of resultaat verkry is nie, of waar die betaling van die gelde of die bedrag daarvan andersins afhanklik is van die bevinding of resultaat van die diens.
- 11.14 Dit is dikwels onmoontlik om gelde anders as op 'n gebeurlikheidsgrondslag te hef. Dit geld byvoorbeeld onder omstandighede waar advies gegee word oor 'n bestuursuitkoop, die verkryging van waagkapitaal, 'n opname of verkoopsmandate, of waar die betaalvermoë van die kliënt afhang van die sukses of mislukking van die onderneming.
- 11.15 'n Praktisyn mag nie teen gebeurlikheidsgelde óf werk verrig wat verband hou met die attesfunksie, óf 'n oorspronklike of gewysigde belastingopgawe teen gebeurlikheidsgelde opstel nie.
- 11.16 In alle gevalle mag die heffing van gelde op 'n gebeurlikheidsgrondslag gedoen word slegs nadat sorgvuldig oorweeg is of dit nie die praktisyn se objektiwiteit en integriteit in gevaar sal stel nie.
- 11.17 Waar die werk aan gelde op 'n gebeurlikheidsgrondslag onderhewig is, moet die hoedanigheid waarin die praktisyn gewerk het en die basis vir sy vergoeding, waar toepaslik, duidelik uiteengesit word in enige dokument wat deur die praktisyn opgestel word, met inagneming daarvan dat 'n derde party daarop mag steun.

Ramings van gelde

- 11.18 In gevalle waar 'n praktisyn 'n kliënt minder vra as wat voorheen vir soortgelyke dienste betaal is, moet hy verseker dat –
- 11.18.1 die gelde bereken is in ooreenstemming met die faktore waarna in paragrafe 11.1, 11.2, 11.3, 11.4 en 11.7 verwys is;
- 11.18.2 sorg aan die dag gelê word om te verseker dat die kliënt nie mislei is nie –
- (a) oor die presiese omvang van die dienste wat deur die gekwoteerde gelde gedek sal word; of
- (b) oor die geldskale wat na verwagting vir latere werk teen heersende pryse gehef sal word.
- 11.19 Lede wat werk verkry of behou deur geldskale te kwoteer wat aansienlik laer is as dit wat deur 'n bestaande praktisyn gehef of deur ander tenderfirmas gekwoteer word, behoort daarvan bewus te wees dat dit mag lyk asof hulle waargenome onafhanklikheid bedreig word, en hulle standarde kan bevaagteken word. Sodanige praktisyns behoort met groot omsigtigheid te werk te gaan om te verseker dat die hoeveelheid en kwaliteit van die personeel lede, wat sowel bevoegdheid as tyd betref, by die vereistes van die opdrag pas.
- 11.20 Praktisyns moet sorg dra dat, ongeag die tariewe wat hulle hef, hulle voldoen aan alle professionele standarde en riglyne en in die besonder aan gehalte-beheerprosedures.

- 11.21 In die geval waar 'n klag teen die praktisyn gelê word dat gelde 'n faktor in die verkryging van die werk was, behoort sulke praktisyns bereid te wees om aan die Onderzoek- en Disiplinêre Komitees te bewys dat –
- 11.21.1 hul onafhanklikheid nie beïnvloed is nie;
- 11.21.2 die hulpbronne wat aan dié opdrag toegewys is, minstens die was wat aan werk van 'n soortgelyke aard toegewys sou gewees het;
- 11.21.3 die kliënt nie mislei is oor die geldeskaal vir daaropvolgende en latere jare nie.

12 PUBLISITEIT, REKLAME EN WERWING

Publisiteit en reklame

- 12.1 Praktisyns bied gewoonlik 'n wye verskeidenheid professionele dienste en produkte aan. Om hulle in staat te stel om hul praktyke saakkundig te bedryf en doeltreffend te kan meeding met individue en organisasies wat soortgelyke dienste en produkte bied, is dit nodig om die publiek oor die beskikbare dienste en produkte in te lig.
- 12.2 Publisiteit en reklame deur alle praktisyns met betrekking tot alle dienste en produkte is dus toelaatbaar.
- 12.3 'n Praktisyn wat materiaal opstel of magtig met die oog op publisiteit, reklame of poswerwing in verband met sy dienste en produkte, moet dit doen met 'n behoorlike verantwoordelike teenoor die professie en die publiek as geheel. Materiaal van hierdie aard moet veral daarop gemik wees om die publiek op 'n objektiewe wyse in te lig en moet wat inhoud sowel as aanbieding betref, van goeie smaak getuig. Die medium wat gebruik word, moet strook met die waardigheid van die professie.
- 12.4 Advertensies moet voldoen aan die aanvaarde norme van wettigheid, menswaardigheid, eerlikheid en waarheid.
- 12.5 'n Praktisyn het 'n persoonlike verantwoordelikheid om te verseker dat die vereistes van hierdie afdeling nagekom word, en dat inligting wat oor hom/haar of sy/haar firma gepubliseer word, aan hierdie Kode voldoen. 'n Praktisyn het ook 'n persoonlike verantwoordelikheid om te verseker dat alle publisiteit, advertensies en poswerwing aan die beperkings en vereistes van hierdie Kode voldoen.

Goeie smaak

- 12.6 Die kwessie van wat goeie smaak is en wat nie, kan slegs beoordeel word in die konteks van die bepaalde feite waaroor die oordeel uitgeoefen word.
- 12.7 Oor die algemeen is materiaal wat neig om opspraak te verwek of te skok, of wat moontlik aanstootlik vir geloofsoortuiging mag wees, of rassisties is, egter onaanvaarbaar. In die breë is materiaal onaanvaarbaar wat belangrike vraagstukke geringskat, oormatige vertroue in een of meer spesifieke persoonlikhede

plaas, openbare figure bespot, opleidingsprestasies minag, aanstootlike vergelykings tref of kras, baasspelerig of oordrewe is. Voorts behoort hierdie materiaal nie vergelykings met ander se dienste te tref of dit te verkleineer nie, ongeag of hulle praktisyns is of nie, deur daarop aanspraak te maak dat 'n besondere praktisyn se dienste meerderwaardig is of omgekeerd nie en behoort ook nie getuigskrifte of goedkeurende stawings te bevat nie.

Advertensies

- 12.8 Advertensies mag verwys na die grondslag waarop professionele gelde vir dienste bereken word, maar dit kan misleidend wees om uurlikse of ander tariewe te meld en dit tas die waardigheid van die professie aan.

Werwing

- 12.9 Poswerwing wat op enige dienste en produkte van toepassing is, word vir alle praktisyns toegelaat.
- 12.10 Praktisyns mag nie aanhou om posreklame- of enige ander aanbiedings te stuur aan 'n ontvanger wat hom/haar versoek het om dit te staak nie.
- 12.11 Praktisyns mag nie persoonlike besoeke aflê om professionele werk te werf nie.

13 INSLUITING VAN 'N PRAKTISYN SE NAAM IN 'N DOKUMENT WAT DEUR 'N KLIËNT UITGEREIK WORD

- 13.1 Wanneer 'n kliënt van voorneme is om 'n verslag deur 'n lid in openbare praktyk te publiseer (hetsy as deel van 'n ander dokument of op sy eie) wat handel oor die kliënt se bestaande sake of oor die vestiging van 'n nuwe onderneming, moet die praktisyn stappe doen om te verseker dat die omstandighede wat die publikasie van die verslag omring, nie van so 'n aard is dat dit die publiek mag mislei wat die aard en betekenis van die verslag betref nie. In hierdie omstandighede moet die praktisyn die kliënt in kennis stel dat toestemming verkry moet word voordat die dokument gepubliseer word.
- 13.2 Dieselfde oorweging moet geskenk word aan ander dokumente wat 'n kliënt wil uitreik en waarin die naam van 'n praktisyn wat in 'n onafhanklike professionele hoedanigheid optree, gaan verskyn. Dit belet nie die insluiting van die naam van 'n praktisyn in die jaarverslag van 'n kliënt nie.
- 13.3 Indien praktisyns in hulle private hoedanigheid geassosieer word met of 'n amp in 'n organisasie beklee, mag die organisasie hulle naam en professionele titel op skryfbehoeftes en ander dokumente aanbring. Die praktisyn moet seker maak dat hierdie inligting nie so gebruik word dat dit die publiek onder die indruk bring dat daar 'n verband met die organisasie in 'n onafhanklike professionele hoedanigheid is nie.

14 WERWING

Opvoedkundige instansies

- 14.1 'n Praktisyn mag beurse en pryse vir studente aan opvoedkundige instansies bied, en mag toelaat dat sy/haar firma se naam aan die beurs en pryse gekoppel word.
- 14.2 'n Praktisyn mag 'n leerstoel in die rekeningkunde of verwante onderwerpe aan 'n universiteit befonds en mag toelaat dat sy/haar en sy/haar firma se steun in die openbaar deur die universiteit erken word.

Mededingers se personeel

- 14.3 'n Praktisyn mag nie, hetsy direk of indirek, 'n diensaanbod aan die werknemer van 'n ander praktisyn maak sonder om laasgenoemde eers skriftelik in kennis te stel nie. 'n Werknemer van 'n ander praktisyn wat in reaksie op 'n advertensie of op eie inisiatief aansoek doen vir indiensneming, mag egter aangestel word mits die aansoeker se huidige werkgewer daarvan in kennis gestel word.

15 VERANTWOORDELIKHEDE TEENOOR KOLLEGAS

Inleiding

- 15.1 'n Praktisyn moet op so 'n wyse optree dat dit samewerking en goeie verhoudings tussen praktisyns en binne die professie sal bevorder. 'n Praktisyn moet veral nie op onverantwoordelike wyse kritiek lewer op die professionele werk, die professionele bekwaamhede of die professionele gelde wat deur 'n ander praktisyn gehef word nie.
- 15.2 'n Praktisyn moet medepraktisyns help om te voldoen aan hierdie Kode en in die toepassing van hierdie Kode samewerking verleen aan die toepaslike dissiplinêre gesagsdraers.
- 15.3 'n Praktisyn mag professionele dienste lewer aan diegene wat dit aanvra, en op uitdruklike versoek van 'n kliënt kan dit gedoen word selfs indien die kliënt ook van dienste van 'n ander praktisyn gebruik maak. Hy/sy mag ook op versoek van die kliënt 'n ander praktisyn vervang.
- 15.4 Praktisyns behoort slegs daardie dienste te onderneem wat hulle na hul mening met professionele bekwaamheid kan voltooi. Dit is daarom noodsaaklik vir die professie in die algemeen en in die belang van hulle kliënte dat praktisyns aangemoedig word om, waar nodig, advies in te win van diegene wat bevoeg is om dit te gee.

Aanvaarding van nuwe opdragte

- 15.5 Die uitbreiding van 'n sakeonderneming se bedrywighede lei dikwels daartoe dat takke of filiaalmaatskappye gestig word op plekke waar die bestaande

praktisyn nie praktiseer nie. In hierdie omstandighede kan die kliënt, of die bestaande rekenmeester in oorleg met die kliënt, versoek dat 'n referentrekenmeester wat op daardie plekke praktiseer, die dienste lewer wat nodig is om die opdrag af te handel.

- 15.6 Verwysing van besigheid kan ook voorkom op die terrein van spesiale dienste, vaardighede of take.
- 15.7 Die wense van die kliënt is van oorheersende belang in die keuse van sy professionele adviseurs, of dit spesiale vaardighede behels of nie. Daarom behoort 'n praktisyn nie te poog om sy kliënt se vryheid van keuse te beperk in die verkryging van spesiale advies nie, en moet hy/sy die kliënt aanmoedig om dit te doen indien dit gepas is.
- 15.8 Wanneer 'n praktisyn deur 'n voornemende kliënt gevra word om dienste of advies te lewer, moet hy/sy uitvind of die voornemende kliënt 'n bestaande rekenmeester het. In gevalle waar daar 'n bestaande rekenmeester is wat sal voortgaan om professionele dienste te lewer, moet die prosedures soos uiteengesit in paragrawe 15.9 tot 15.14 gevolg word. Indien die aanstelling daartoe sal lei dat 'n ander praktisyn opgevolg word, moet hy/sy die prosedure volg soos uiteengesit in paragrawe 15.15 tot 15.27.
- 15.9 Die referentrekenmeester behoort die dienste wat gelewer word, te beperk tot die spesifieke opdrag wat deur die verwysing van die bestaande rekenmeester of die kliënt ontvang is, tensy die kliënt anders versoek. Die referentrekenmeester behoort ook alle redelike stappe te doen om die bestaande rekenmeester se verhouding met die kliënt te steun en nie die professionele dienste van die bestaande rekenmeester te kritiseer sonder om hom/haar die geleentheid te gee om alle tersaaklike inligting te verskaf nie.
- 15.10 Indien die kliënt 'n referentrekenmeester versoek om 'n opdrag te aanvaar wat duidelik verskil van dit wat deur die bestaande rekenmeester uitgevoer word, of van die opdrag wat aanvanklik deur verwysing van die bestaande rekenmeester of die kliënt ontvang is, behoort dit as 'n afsonderlike versoek vir die lewering van dienste of advies bejeën te word. Voordat enige aanstelling van hierdie aard aanvaar word, moet die referentrekenmeester die kliënt inlig oor sy/haar professionele verpligting om met die bestaande rekenmeester te kommunikeer. Hy/sy behoort die bestaande rekenmeester onmiddellik en verkieslik skriftelik in te lig oor die versoek van die kliënt asook oor die algemene aard van die versoek. Hierdie optrede word nie net deur oorwegings van professionele hofflikheid voorgeskryf nie, maar ook deur goeie sakeoordeel.
- 15.11 In sommige gevalle mag die kliënt daarop aandrang dat die bestaande rekenmeester nie ingelig word nie. Die referentrekenmeester moet dan besluit of die kliënt se redes geldig is. In die afwesigheid van spesiale omstandighede is die blote teensin van die kliënt om met die bestaande rekenmeester in verbinding te tree, nie 'n bevredigende rede nie.

- 15.12 Die referentrekenmeester behoort –
- 15.12.1 die instruksies van die bestaande rekenmeester of kliënt uit te voer in die mate waarin dit nie met tersaaklike wets- of ander vereistes bots nie; en
- 15.12.2 te verseker, insoverre dit prakties is, dat die bestaande rekenmeester op die hoogte gehou word van die algemene aard van die professionele dienste wat uitgevoer word.
- 15.13 Waar daar twee of meer ander praktisyns is wat die professionele dienste vir die kliënt lewer, kan dit gepas wees om slegs die betrokke praktisyn in te lig, afhangend van die spesifieke dienste wat gelewer word.
- 15.14 Benewens die uitreiking van instruksies in verband met die verwyste besigheid, behoort die bestaande rekenmeester waar toepaslik kontak met die referentrekenmeester te hou en samewerking ten opsigte van alle redelike versoeke om bystand te verleen.

Opvolging van 'n ander praktisyn

- 15.15 Kliënte het 'n onbetwisbare reg om hulle professionele adviseurs te kies, en indien hulle wil, te verander.
- 15.16 Hoewel dit noodsaaklik is dat die wetlike regte van kliënte beskerm word, is dit ook belangrik dat 'n praktisyn wat gevra word om ander praktisyns te vervang, die geleentheid kry om vas te stel of daar enige professionele of ander redes is waarom die aanstelling nie aanvaar behoort te word nie. Dit kan nie doeltreffend gedoen word sonder direkte kommunikasie met die bestaande rekenmeester nie. Die bestaande rekenmeester behoort nie inligting oor 'n kliënt se sake te verstrek indien hy/sy nie daartoe versoek is nie.
- 15.17 Kommunikasie stel 'n praktisyn in staat om vas te stel of die omstandighede waaronder 'n verandering in aanstelling voorgestel word, sodanig is dat die aanstelling regmatig aanvaar kan en wil word. Daarbenewens help die kommunikasie om die harmonieuse verhoudings te handhaaf wat behoort te bestaan tussen alle praktisyns op wie kliënte vir professionele advies en hulp aangewese is.
- 15.18 Die mate waarin die bestaande rekenmeester die sake van die kliënt met die voorgestelde praktisyn kan bespreek, sal afhang
- 15.18.1 daarvan of die kliënt se toestemming daartoe verkry is; en
- 15.18.2 van die wetlike of etiese vereistes rondom so 'n openbaarmaking.
- 15.19 Die voornemende rekenmeester moet alle inligting wat die bestaande rekenmeester aan hom verstrek, streng vertroulik behandel en dit deeglik in ag neem.
- 15.20 Uit die inligting wat deur die bestaande rekenmeester verstrek word, mag byvoorbeeld blyk dat die oënskynlike redes vir die verandering wat die kliënt gegee het, nie met die feite ooreenstem nie. Dit kan aan die lig bring dat die voorgestelde verandering van rekenmeester gemaak is omdat die bestaande rekenmeesters vasgestaan het en hulle pligte behoorlik nagekom het ten spyte

- van teenstand of vermyding, by 'n geleentheid waar belangrike beginsel- of praktykverskille met die kliënt ontstaan het.
- 15.21 Kommunikasie tussen partye dien dus ter beskerming van –
- 15.21.1 'n praktisyn teen die aanvaarding van 'n aanstelling onder omstandighede waar nie al die tersaaklike feite bekend is nie;
- 15.21.2 die minderheidseienaars van 'n onderneming wat nie ten volle ingelig is oor die omstandighede rondom die voorgestelde verandering nie; en
- 15.21.3 die belange van die bestaande rekenmeester indien die voorgestelde verandering voortspruit uit, of 'n poging is om in te meng met die nougesette uitoefening van sy/haar plig om as onafhanklike professionele persoon op te tree.
- 15.22 Voordat die voornemende rekenmeester 'n aanstelling aanvaar wat die voortsetting van professionele werk behels wat tevore deur 'n ander praktisyn uitgevoer is, moet hy/sy die volgende doen:
- 15.22.1 Aan die voornemende kliënt verduidelik dat hy/sy 'n plig het om met die bestaande rekenmeester te kommunikeer.
- 15.22.2 Vasstel of die voornemende kliënt die bestaande rekenmeester van die voorgestelde verandering in kennis gestel het en toestemming verleen het, verkieslik skriftelik, dat die kliënt se sake volledig en vrylik met die voornemende rekenmeester bespreek mag word.
- 15.22.3 Indien hy/sy tevrede is met die antwoord van die voornemende kliënt, moet toestemming verkry word om met die bestaande rekenmeester te kommunikeer. Indien sodanige toestemming geweier word, of die toestemming waarna in paragraaf 15.22.2 verwys word nie verleen word nie, behoort die voornemende rekenmeester die aanstelling te weier, tensy daar buitengewone omstandighede is waaroor hy/sy op 'n ander wyse ten volle ingelig is en hy/syself tevrede is met al die relevante feite.
- 15.22.4 By ontvangs van die toestemming, moet die bestaande rekenmeester, verkieslik skriftelik, versoek word om –
- (a) inligting te verstrek oor enige professionele redes waarvan hy/sy kennis behoort te dra voordat besluit word om die aanstelling te aanvaar; en
- indien daar wel sulke aangeleenthede bestaan,
- (b) al die nodige inligting te verstrek sodat 'n besluit geneem kan word, en
- (c) die inligting binne 'n bepaalde tyd te verskaf, by gebrek waaraan aanvaar sal word dat daar geen aangeleenthede is waaraan hy/sy aandag hoef te skenk nie.
- 15.23 Die bestaande rekenmeester moet, by ontvangs van die kommunikasie waarna in paragraaf 15.22.3 verwys is, sonder verwyl –
- 15.23.1 verkieslik skriftelik aandui of daar enige professionele redes is waarom die voornemende rekenmeester nie die aanstelling behoort te aanvaar nie, en

- 15.23.2 indien daar wel redes of ander aangeleenthede is wat openbaar gemaak behoort te word, seker maak dat die kliënt toestemming gegee het dat die besonderhede van hierdie inligting aan die voornemende rekenmeester gegee mag word. Indien toestemming nie verleen is nie, moet die bestaande rekenmeester hierdie feit aan die voornemende rekenmeester bekend maak, en
- 15.23.3 by ontvangs van die kliënt se toestemming, alle inligting bekend maak wat die voornemende rekenmeester benodig om hom/haar in staat te stel om te besluit of hy/sy die aanstelling moet aanvaar of nie, en alle aangeleenthede van toepassing op die aanstelling waarvan die voornemende rekenmeester kennis behoort te dra, vryelik te bespreek.
- 15.24 Indien die voornemende rekenmeester nie binne 'n redelike tyd 'n antwoord op die kommunikasie aan die bestaande rekenmeester ontvang nie, en hy/sy geen rede het om te glo dat daar buitengewone omstandighede rondom die voorgestelde verandering is nie, behoort hy/sy te probeer om op 'n ander wyse met die bestaande rekenmeester te kommunikeer. Indien hierdie pogings misluk, behoort hy/sy nog 'n brief te rig waarin verklaar word dat aangeneem word dat daar geen professionele of ander redes is waarom die aanstelling nie aanvaar moet word nie en dat hy/sy van voorneme is om dit te doen.
- 15.25 Die feit dat gelde aan die bestaande rekenmeester verskuldig mag wees, is nie 'n professionele rede waarom die voornemende rekenmeester nie die aanstelling kan aanvaar nie.
- 15.26 Tensy die bestaande rekenmeester 'n retensiereg het op enige boeke en dokumente vir die betaling van agterstallige gelde, behoort die bestaande rekenmeester so gou as moontlik na die verandering in aanstelling alle boeke en rekords wat die eiendom van die kliënt is of wat in sy/haar besit is of mag kom, aan die kliënt oor te dra, of met die kliënt se toestemming, aan die nuut aangestelde rekenmeester oor te dra. Die kwessie van 'n retensiereg is 'n wetlike en feitlike aangeleentheid en praktisyns moet in gedagte hou dat weiering om die boeke en rekords oor te dra waaroor hulle geen geldige retensiereg het nie, hulle blootstel aan 'n aanspreeklikheid vir enige kostes wat die kliënt as gevolg van die weiering mag aangaan.
- 15.27 Tersaaklike aangeleenthede waarvan die voornemende rekenmeester bewus gemaak behoort te word, sluit die volgende in:
- 15.27.1 Redes wat die kliënt vir diensverandering voorhou wat na die bestaande rekenmeester se beste wete nie in ooreenstemming met die feite is nie;
- 15.27.2 Die voorgestelde vervanging van die bestaande rekenmeester ontstaan omdat laasgenoemde sy/haar pligte uitgevoer het ten spyte van teenstand of vermyding/s waarin belangrike beginsel- of praktykverskille met die kliënt ontstaan het;
- 15.27.3 Die kliënt, direkteure of werknemers mag skuldig wees aan 'n onwettige

- daad of versuim, of daar kan 'n aspek van hulle optrede wees wat na die mening van die bestaande rekenmeester op die uitvoering van 'n oudit betrekking het en wat verder deur die toepaslike gesagsdraer ondersoek behoort te word;
- 15.27.4 Die bestaande rekenmeester het onbevestigde vermoedens dat die kliënt of sy/haar direkteure of werknemers die Departement van Binnelandse Inkomste, Doeane en Aksyns of ander bedrieg het;
- 15.27.5 Daar 'n weiering of versuim van die kliënt is om die bestaande rekenmeester van inligting te voorsien wat in die uitvoering van pligte benodig word;
- 15.27.6 Die bestaande rekenmeester het ernstige bedenkinge oor die integriteit van die direkteure en/of senior bestuurders van die kliënt se maatskappy;
- 15.27.7 Die kliënt, direkteure of werknemers het probeer om die beweegruimte van die bestaande rekenmeester sodanig te beperk dat dit die uitreiking van 'n weerhouding van mening sou meebring;
- 15.27.8 Die bestaande rekenmeester is van voorneme om die omstandighede rondom die voorgenome verandering van ouditeur onder die aandag van die lede of krediteure te bring.
- 15.28 Die bestaande rekenmeester behoort nie te weier om te kommunikeer of 'n antwoord terug te hou op grond daarvan dat –
- 15.28.1 die voornemende rekenmeester se nominasie in stryd is met hierdie riglyne nie; of
- 15.28.2 hy/sy werklik glo, of dit geregverdig is of nie, dat die kliënt hom/haar onregverdig behandel het nie.